

HOOFSTUK VII.

KRITIESE SAMEVATTING.

1. Onderwys in Wolmaransstad tydens die Suid-Afrikaanse Republiek.

a. Die tydperk 1876 - 1892.

Nadat die broers Leask hulle in 1876 aan die Makwassiespruit gevestig het en die omgewing sedert 1880 meer belangstelling geniet het, het rondtrekkende onderwysers hulle verskyning gemaak om aan groepies van 3 en 4 kinders op die plase die noodsaaklike minimum onderrig vir die aflegging van beilydenis van die geloof te verskaf.

In 1881 is ds. S.J. du Toit benoem as nuwe Superintendent van Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek. Hy was baie beslis in sy standpunt dat die onderwys Christelik-nasionaal moet wees, hoewel die leerstellige deel daarvan aan die kerke oorgelaat moes word. Hy het gekom met 'n onderwysstelsel wat na die hart van die volk was, nl. privaat inisiatief met staatsteun. Onderwys het nou vir die eerste keer 'n algemene saak geword, en oral is skooltjies opgerig, omdat die stelsel gunstig was vir die platteland. Van georganiseerde onderwys in die distrik het eers iets tereggekóm vanaf 1885, toe die kerk met die oprigting van 'n eerste skool op Witpoort, wyk Makwassie, begin het.

Die leemte in die Du Toit-stelsel was egter die basis waarop subsidie toegeken is. Die subsidie vir laerskole was £3 per leerling per jaar en vir middelbare skole £5 per leerling, terwyl aan onderwysers

vir goeie diens addisionele toelae betaal sou word. Vir arm kinders was die subsidie dubbel die genoemde bedrag. Hoewel die per leerling-basis van subsidie n groot aansporing vir die onderwys in die distrik was, het dit later ontaard en opening gegee vir wanpraktyke. Ten einde subsidie te verkry is in party wykskole n hele aantal leerlinge "benede standaard" aangegee.

b. Die tydperk 1892 - 1899.

Mansvelt het vanaf 1892 as nuwe Superintendent voortgebou op die bestaande onderwysbeginsels en dit verder uitgebou. Hy het die administrasie van die onderwys herorganiseer en op n doeltreffende basis geplaas. Deur die vasstelling van n algemene leerplan waarin die eise van die verskillende standerds omskryf is, het Mansvelt die onderwys in Wolmaransstad op n hoër en meer uniforme peil geplaas. Voor siening is gemaak vir die nodige skoolboeke; die inspekteurs, onderwysers en skoolkommissies het deur middel van die skoolgids noukeurige instruksies met betrekking tot die uitbetaling van subsidie, die invulling van state en registers en die stigting van nuwe skole ontvang, sodat die onderwysstatistieke volledig en betroubaar kon wees.

Hoewel die nuwe reëling in verband met subsidie noodsaaklik geblyk het om wanpraktyke uit te skakel, tog het dit stremmend gewerk op die uitbreiding van die onderwys in hierdie distrik. Nuutopgerigte skole sou geen subsidie ontvang voordat die Superintendent die skikkinge van die skoolkommissie omtrent die onderwyser en die skoolgebou goedgekeur het nie. Die verdere reëlings dat daar geen buitengewone toelae meer

sou wees vir gratis leerlinge nie, het die onderwys plaaslik ook nadelig getref, omdat die meeste mense nog baie arm was en nie veel skoolgeld kon betaal en vrywillige bydraes tot die skoolfonds kon lewer nie.

Gereelder inspeksies is uitgevoer, wat die onderwys ten goede gekom het. Die Superintendent het aangedring op individuele inspeksies en ook op bevordering deur die inspekteur, want dit is beskou as 'n stimulus vir beide onderwyser en leerling. Die volgende vakke het by inspeksies die aandag geniet: Bybelse Geskiedenis, Vaderlandse Geskiedenis, Rekene, Hollands lees en spelling. Die inspeksierapporte was breedvoerig en het 'n helder lig gewerp op die onderwystoestande in die distrik. Die skoolgeboue en ameublement het oor die algemeen baie te wense oorgelaat. Ten spyte van die feit dat die meeste onderwysers nog ongesertifiseerd was, is in die meeste gevalle goeie werk gelewer.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog moes die meeste onderwysers die wapens opneem in die stryd om behoud van die vryheid. Die onderwys in die distrik het nou in sy geheel tot stilstand gekom.

## 2. Groei en ontwikkeling van die onderwys na 1902.

### a. Onder die Engelse bewind, 1902 - 1906.

Na die beëindiging van die oorlog het 'n periode van rekonstruksie ingetree. Die groot doel van die veroweraar was om die hele bevolking na die Engelse model te probeer vorm. 'n Nuwe mag het aan bewind gekom, en 'n uitsluitlike Engelse onderwysstelsel was die resultaat. Die krag agter alles was 'n suiwer burokratiese met sy ideale van anglisasie van die verowerde Republiek teen 'n vinnige tempo. Die stel-

sel is gebruik om die denasionalisasie van die Boerevolk deur middel van die skole te laat plaasvind. Engels sou voortaan die medium van onderrig wees, terwyl slegs 3 uur per week aan Hollands toegestaan is.

b. Die C.N.O.-skole.

Die oorwonne en verarmde Boere moes die stryd teen die getalsterker vyand gewonne gee en in hulle magteloosheid aanvanklik maar toesien hoe hulle kinders in die gratis Engelse skole blootgestel is aan die proses van verengelsing. Maar vanaf 1903 het vrye Christelik-nasionale skole ook in hierdie distrik ontstaan as protes teen die vreemde Engelse stelsel waardeur die regte van die ouer misken is. Die vlamme het hoog uitgeslaan, maar n verarmde volk kon nie met die vrye Engelse skole tred hou nie, en in 1907 het die C.N.O.-skool op Wolmaransstad oorgegaan na die staatskool.

c. Die periode van aanpassing, 1907-1952.

(1) Die Smuts-wet van 1907.

Die Smuts-wet het voorsiening gemaak vir die instelling van skoolrade en skoolkommissies, waardeur die seggenskap van die ouer in die onderwys erken is. Die vraagstukke van taal- en godsdiensonderrig is in n groot mate oorbrug om albei bevolkingsgroepe tevrede te stel, en in 1912 is Hollands en Engels op gelyke basis van onderrig geplaas, terwyl Afrikaans na 1918 in die plek van Hollands gekom het. Die nodige hegte fondament was nou gelê en die vooruitsigte vir n gesonde onderwysbeleid was beslis gunstig.

(2) Konsentrasie op onderwysgebied.

Die Wolmaransstadse Skoolraad het vanaf sy instelling in 1907 'n beleid van sentralisasie voorgestaan ten einde meer en beter geriewe vir die plattelandse kind te verseker. Deur middel van die toekenning van vervoer- en losiesbeurse asook deur die verskaffing van vervoer self het die Raad sy beleid deurgevoer tot in die twintiger jare, toe sentralisasie meer vanselfsprekend plaasgevind het as gevolg van die sametrekking van delwersgroepe in die distrik.

Die finale fase van die sentralisasiebeleid het ingetree vanaf 1934, toe doelbewus pogings in werking gestel is om kleiner skole te sentraliseer. Waar daar in 1930 40 skole in die distrik bestaan het, was die aantal in 1940 slegs 20, om in 1952 verder te verminder na 12. Gedurende hierdie laaste fase is die nodige koshuisakkommodasie ook voorsien, sodat die ideaal van inspekteur Botha in belangrike opsigte verwesenlik is.

(3) Middelbare en vakonderwys.

Naas die Wolmaransstadse Hoërskool verskaf Leeuwdoornsstad ook opleiding tot st. 8 en het aan die Makwassieskool soortgelyke klasse bestaan gedurende 1936-1942. Die bestaan van die Hoër Tegniese Skool en die Nywerheidskool op Wolmaransstad maak die dorp die belangrikste onderwysentrum van die distrik.

Wat die middelbare onderwys betref, bied die hoërskool 'n ruim vakkeuse aan in die akademiese sowel as die praktiese rigting van die onderwys. Om reg te laat geskied aan leerlinge wat vakkeuse en personeel betref, behoort die hoërskool egter minstens 600 leerlinge te hê en word in belang van die onder-

wys uitgesien na die dag wanneer hierdie toestand bereik sal word. Wat akkommodasie betref, vergelyk die posisie veral wat koshuise betref. gunstig met ander hoërskole in die provinsie.

Die Hoër Tegniese skool en die Nywerheidskool verskaf onderrig in vakopleiding. Die opleiding wat hierdie twee skole verskaf, voorsien in 'n belangrike behoefte van die tyd. Hier word doelbewus gewerk, en leerlinge wat tot diens in staat is, word die lewe ingestuur.

#### (4) Opvoedkundige aktiwiteite.

In die Wolmaransstadse distrik word ruimskoote voorsiening gemaak vir die altydige ontwikkeling van die leerlinge deur die talle vrywillige onderwysorganisasies wat aan die meeste skole bestaan. Die volgende organisasies en buitemuurse aktiwiteite verdien spesiale vermelding:

- (a) Die spaarsaamheidsbeweging wat sedert 1918 by die meeste skole ingestel is, bevorder by die kind 'n goeie gewoonte, wat ook in sy latere lewe nuttig en voordelig kan wees.
- (b) Die Voortrekkerbeweging het sedert die dertiger jare wortel geskiet by die groter dorpskole van die distrik. Die pligsgetroue, opofferende werk wat hier deur toegewyde diens gelewer word, kom die jeug van ons volk in hierdie distrik ten goede.
- (c) Kadetafdelings onder beheer van die Wes-Transvaalse Kommandement bestaan by die plaaslike Hoërskool en Hoër Tegniese skool sedert die ontstaan van die skole, en in die veertiger jare is 'n afdeling ook opgerig by die Leeuwoornstadse skool. Hierdie afdelings het 'n belangrike

vormende invloed op die seuns.

- (d) Aan sportaktiwiteite word baie tyd en aandag bestee deur al die skole in die distrik. Die liggaamlike ontwikkeling geniet naas die geestelike ontwikkeling alle aandag. Die aankweek van die regte gesindheid teenoor sport en 'n mooi sportmansgees deur middel van gesonde kompetisies is vir die kind van baie waarde.
- (e) Aan enkele skole bestaan ook debatsverenigings as 'n vorm van vermaaklikheid, terwyl baie ook gedoen word ten opsigte van skoolkonserte, kunstwedstryde en opvoedkundige bioskoopvertonings.

Al die bogenoemde organisasies en aktiwiteite dra daartoe by om die skoollewe vir die jeug te veraangenaam en gesonde ontwikkeling van die hele persoonlikheid te verseker. Die onderwys is nie beperk tot die verpligte skooltyd nie, maar veel aandag word aan buitemuurse aktiwiteite bestee om sodoende nuttige en ten volle toegeruste burgers uit hierdie distrik die lewe in te stuur.

-----oooOooo-----